## LIEDERE WAT IN DIE EREDIENSTE GESING WORD
**Sondag 20 November 2011**

| | Oggenddiens 09:30 | | Aanddiens 18:00 | |
|---|---|---|---|---|
| | **Lied** | **Bladsy** | **Lied** | **Bladsy** |
| **1.** | Ps. 81:1,2,11,12 | Bl.411 | Psalm 91:1 | Bl.459 |
| **2.** | Skrifberyming 9-1:11 | | Psalm 99:1,2,3 | Bl.704 |
| **3.** | Psalm 91:1 & 6 | Bl.460 | Psalm 4:3 | Bl.15 |
| **4.** | Skrifberyming 12-3:1 & 2 | | Skrifberyming 12-3: 1 & 2 | |
| **5.** | Psalm 23:3 | Bl.107 | Psalm 9:1,7,8,10 | Bl.36 |
| **6.** | Skrifberyming 18-6:1 - 5 | | Skrifberyming 13-2 (Amen) | |
| **7.** | Skrifberyming 13-2 (Amen) | | | |

Liedere aan die nagmaaltafels:

- Ps. 31:1 (p. 143)
- Ps 31:4 (p. 144)
- Ps. 40:3 (p. 205)
- Ps. 40:8 (p. 207)
- Ps. 90:1 (p. 454)
- Ps. 90:9 (p. 456)

**SONDAG 20 NOVEMBER 2011 NA DIE EREDIENS**

Nagmaal-erediens ……………..***DS KOOS CLOETE & DR ANDRÉ GROVÈ***

Verwelkoming …………………..***DR SAREL VAN DER WALT***

Samesang : Ps 84:1, 2 (p. 424) & Ps 89:1, 2 (p. 444) ………***GEMEENTE***

Dankbetoon ……………………………………..***DR SAREL VAN DER WALT***

Samesang : Ps 127:1-4 (p. 625) …………………………………***GEMEENTE***

Groeteboodskap namens Klassis Noordwes …..***DR JAN LION-CACHET***

Samesang : Sb 14-1:1 & Sb 15-1:1-4 …………………………***GEMEENTE***

Bedankings………………………………………***DR SAREL VAN DER WALT***




# SIMBAAL

"Prys Hom met galmende simbale"

[Psalm 150:5]

**Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord**

[Webadres – http://www.gkklerksdorpnoord.co.za/]

| Jaargang 6 | Sondag 20 November 2011 | Nommer 33 |
|---|---|---|


## DIE WOORDE VAN LEWE EN DOOD

Om te sê dat God 'n God van liefde is, beteken nie dat jy die Bybel met oogklappe lees nie. Die Bybel praat nie net van *liefde* nie, maar ook van oordeel en dood. Dit beteken nie dat die Bybel 50% liefde en 50% oordeel verkondig nie.

Die Bybel is in die eerste plek *evangelie*. Evangelie beteken *blye boodskap.* Die Bybel is God se eerste, helderste woord van verlossing. Wie met die Bybel onder die arm swael en vuur preek, tas by die ware inhoud van die Bybel verby.

- Die *blye boodskap* in die Bybel is juis dat die oordeel afgewend is.
- Dat daar redding is uit die oordeel.
- Dat God lewe gee uit die dood.


Maar as jy – na alles wat gebeur en alles wat jy in die Bybel gelees en gehoor het – *nog nie glo nie;* as jy God se *liefdeswoorde* in sy gesig terugsmyt spreek die oordeel duidelik tot jou. As jy Jesus se bloed vir die honde gooi ..... dan ontvang jy nie die ewige lewe nie maar die ewige dood! Dan val jy in die hande van die lewende God soos Agab en Isebel (1 Kon.21:19; 1 Kon.22:38; 2 Kon.9:10; 2 Kon.10:33-37).

Ons glo van harte dat hierdie oordeel van God nie werklikheid is vir lidmate van die gemeente nie. Week na week word aan die lidmate die evangelie verkondig dat God hulle liefhet. Hy het jou kant gekies en jou sondeskuld laat vereffen deur die kruisdood van sy Seun. Jesus het klaar jou straf ***gedra*** en jou skuld ***betaal.*** Al wat jy moet doen, is om op te staan, jou gesig te was en om in die aangesig van leed en verraad en ontrou te sê dat ***God se genade sterker is as die sonde***. Moses skryf: *"Ek roep vandag die hemel en die aarde tot getuie teen julle dat ek die lewe en die dood aan jou voorgehou het, die seën en die straf. Kies die lewe, sodat jou nageslag kan lewe. Om die Here jou God lief te hê, Hom te gehoorsaam en Hom aan te hang, sal vir jou lewe gee"* (Deut.30:19-20). So kan jy die lewende God dien, Hy wat leef en laat leef. Dit is die enigste manier om jou lewensroeping te vervul. Van hierdie verlossing van Christus

*Dr. Nico van der Merwe.*



# PREKE VANDAG



**Oggend/Nagmaalsdiens 09:30**
**Woordverkondiging:**
**Lees:** Matteus 14:22-32; Openbaring 21:1-8; 22:10-15
**Teks:** Matteus 14:28-31; Openbaring 21:1 en 22:12
**Tema:** "Op die drumpel van die Messiaanse feesmaal maak die Here die storms stil vir wie op Hom vertrou."

**Aanddiens 18:00**
**Woordverkondiging:**
**Lees:** Jakobus 2:14-26 & HK 24
**Teks:** Jakobus 2:26
**Tema:** Die asemhaling van geloof.

## AS JY NIE WEET WAT OM TE DOEN NIE

**Lees:** Deuteronomium 7:1-11 **Teks:** Vers 7

Mense dink God gee op grond van jou dade sy liefde en genade aan jou. Wie homself hoog ag kan in die versoeking kom om die lewe te waardeer en te sê dat jy God se barmhartigheid verdien. Jy vind jy is godsdienstig nie onverskillig nie, alhoewel jy nie altyd gebrand het vir God se saak nie. Jy vind dat jy nie beskuldig kan word dat jy koud teenoor die kerk gestaan het nie, maar uit jou lewe het daar nie werklik die gloed van liefde vir Christus gestraal nie. Jy kan jouself beskou as 'n goeie mens wat altyd reg probeer leef het. Dít is nie waarom God jou verlos nie. God sê vir jou dat jy sy eiendom is omdat Hy jou deur die bloed van Christus vrygekoop het van die mag van die sonde (Deut.7:7-8). God skenk jou die ewige lewe nie omdat jy as mens groter was as ander nie, maar omdat Hy jou liefhet (Joh. 3:16). Alles is dus genade en nie verdienste nie. Op jou verdienste sou jy die ewige dood ingegaan het.

*Dr. Nico van der Merwe*



## LOSMAKING EN AFSKEIDSPREEK DR. SAREL VAN DER WALT

Dr. Sarel van der Walt het versoek dat 'n *classis contracta* vir sy formele losmaking van hierdie gemeente op 17 November 2011 byeen geroep word. Die breë kerkraad tesame met die konsulent, dr Jan-Lion Cachet, en twee ouderlinge van ons naburige gemeentes, naamlik Klerksdorp en Stilfontein het Donderdag hiervoor vergader. Daarna het die verslagvergadering van die ouderlinge plaasgevind. Dr. Sarel van der Walt sal sy afskeidspreek DV op Sondagoggend 27 November 2011 tydens die erediens om 09.30 lewer sodat soveel van die gemeentelede as moontlik teenwoordig kan wees. Dr. Van der Walt sal daarna nog twee Sondae tydens die skoolvakansie eredienste waarneem, voordat hy en sy gesin na Potchefstroom verhuis.

## JAARPROGRAM 2012

Die jaarprogram vir 2012 is gereed en die ouderlinge sal dit met huisbesoek aan al die lidmate besorg. Indien lidmate nie 'n program ontvang het nie kan u gerus na die diens by die konsistorie 'n draai maak, daar is ekstra kopieë beskikbaar. Die jaarprogram begin by Desember 2011, omdat daar veranderinge plaasgevind het met die gesamentlike dienste, en die vorige inligting nie meer korrek is nie. Die jaarprogram bevat belangrike inligting oor die 2012 aktiwiteite van ons kerk, en dit word vertrou dat dit sal dien as 'n permanente gids.

Dank word oorgedra aan die lidmate wat die drukkoste geborg het, sodat die jaarprogram ons niks gekos het nie! Dankie ook aan dr. Sarel van der Walt wat meegehelp het met die beplanning.

*Vic van der Walt* Tel. No.:018 468 5022 Faks No.:086 697 7997

**Studente benodig om as predikante opgelei te word**

Die Senaat van die Teologiese Skool Potchefstroom het sy besorgdheid uitgespreek oor die klein getal studente uit al die verskillende taalgroepe, wat hulle aanmeld om teologie te studeer met die doel om predikante te word. Die kuratore deel die bekommernis dat as die tendens voortduur daar ’n groter wordende tekort aan predikante in die GKSA sal wees. Ten minste 15 studente moet per jaar afstudeer, wat nie tans die geval is nie. Daarom doen ons ’n beroep op gemeentes om jongmanne wat die gawes het aan te moedig om vir predikant te kom studeer, asook te help om dit vir hulle moontlik te maak. Artikel 19 van ons Kerkorde stel: "Die kerke moet soveel nodig sorg dat daar studente in die Teologie is wat deur hulle ondersteun word."

**PRESTASIES VAN ONS KINDERS**

- KAMILLA BOOYSEN, LAERSKOOL SAAMTREK
  Hartlik geluk aan Kamilla met haar mooi prestasies wat haar skool aan haar toegeken het:
  1. Goud – Akademie
  2. Streek-silwer – Wetenskap Ekspo
  3. Ambassadeursbalkie vir Klavier (Prakties 83%, Teorie 95%)
  4. Sportbalkies: Tennis, Netbal, Landloop, Atletiek
  5. Volgehoue Akademiese Prestasie – Gr. 4 – 6
  6. Leerlingraad


## BETREKKING BESKIKBAAR

'n Dame word gesoek om in 'n snoepwinkel te werk. Ure: Maandae tot Vrydae, 07:30 tot 16:30.
Skakel Christine Lindeque – 072 355 6063

- **Leen net uit wat jy kan bekostig om te verloor.**
- **Om aan iets te werk sonder om vergoeding daarvoor te verwag is**

**goed vir jou karakter.**





## BYBELSTUDIE

Kom sluit gerus aan by enige van die volgende groepe (kontak my vir meer inligting oor enige van die Bybelstudies – dr. Sarel):

**WOENSDAE** (volgens die datums op die gemeentekalender )
Bybelstudie 10:00 by die pastorie. Ons behandel tans die Lukas-evangelie.

**SONDAE** (volgens die datums op die gemeentekalender)
Bybelstudie na die aanddiens. Hierdie groep kom op bepaalde Sondagaande na die aanddiens in die konsistorie bymekaar en behandel tans die Hebreërboek.

**KERSSANGDIENS**



’n Herinnering aan ons kerssangdiens volgende Sondagaand in ons kerkgebou. Die normale aanddiens is steeds om 18:00, gevolg deur die kerssangdiens om 19:00. Klerksdorp-gemeente is hierdie jaar ons gaste en ons versoek vriendelik dat elke gesin asb ’n klein bordjie eetgoed sal saambring sodat ons na die kerssangdiens gesellig en feestelik kan saamkuier in die saal met ’n koppie tee/koffie en iets te ete.


## PENSIOENARIS BESKIKBAAR VIR ALGEMENE NUTSWERK

Ook vaardig in sweis-, loodgieters-, hout- en teëlwerk
Skakel Corrie Botha (083 429 4824)

- **Slegs op die weë van God lê die seëninge van God.**

❖ **Haat vergiftig die hater meer as die gehate.**





# OUERS AANDAG ASSEBLIEF!!!

**STUUR ASSEBLIEF GEGEWENS VAN KINDERS SE PRESTASIES**

Die verskillende skole het teen die einde van die jaar hulle prysuitdelings-funksies vir 2011 en die verkiesing van Leerlingrade en Prefekterade vir 2012 vind ook plaas. Omdat die gemeente saam met die ouers trots is op en dankbaar is vir ons mooi verbondskinders se prestasies in hulle skooljare wil ons graag elke verbondskind se prestasie in Simbaal publiseer sodat die gemeentelede in die vreugde kan deel van ouers en kinders en ook 'n gelukwensing kan gee aan wie dit toekom.

*Sal pa's en ma's, oupas en oumas, vriende en maats asseblief laat weet van die kinders se prestasies wat tydens die toekenningsaande oorhandig is of met die verkiesing van 'n Leerlingraad. Skakel dr. Nico van der Merwe met berigte* (☎ **018-468-1782**) of sr. Martie Venter (☎ **018-468-6790**).

U kan ook die volgende e-pos adres gebruik:
*nico.vandermerwe@telkomsa.net*

**KOOR VIR KERSPROGRAM**



Koorlede vir die Kersprogram, let asb. op twee belangrike (en laaste!) oefeninge:

- **Sondag 20 November** om **16h00** in die kerk.
- **Woensdag 23 November** om **18h30** in die kerk.

Dit is belangrik dat almal daar sal wees.



# DIE GEREFORMEERDE KERK ORKNEY

## Uitnodiging

Alle oudlidmate en belangstellendes word hartlik uitgenooi na die 50-jarige feesviering van die Gereformeerde Kerk Orkney op Saterdag 26 November en Sondag 27 November 2011

**Saterdag 26 November 2011om15:00**

Ontvang van gaste en verwelkoming.
Tee, koffie en koeldrank.
Opening en agtergrondpraatjie
Groete: Kerkverband en Klassis
Bekendstelling gedenkalbum
Ete
Gesellig saamkuier

**Sondag 27 November 2011 om 08:30**

Nagmaalsdiens – Ds. LSD du Plessis
Tafelbediening – Ds. JC Erasmus
Danksegging – Ds. JP le Roux

Gesellige saamkuier na die diens
Tee, koffie, koeldrank, verversings.

**TOILETSAKKIES VIR DIE PRESIDENT KRUGER KINDERHUIS, PRETORIA**

Die Diakonie bedank al die lidmate wat so vriendelik was om toiletsakkies vir die Bonsai-groep (11 seuns) te pak, hartlik!
Dis 'n plesier om te sien met hoeveel sorg en liefde hierdie sakkies volgemaak is – buiten ruim toiletware, is persoonlike briefies en lekkernye ook vir die seuns ingesluit. U maak 11 seuns-harte baie bly!
Daar is nog net **3 sakkies uitstaande**.
Baie dankie ook aan sr. Tersia van der Merwe wat deurgaans die allerfraaiste truitjies vir die kinderhuise brei.

## VAKANSIE-EREDIENSTE

Die eredienste tydens die Desember vakansie sal soos volg daar uitsien:

| DATUM | TYD | KERKRAAD AAN DIENS | PREDIKANT |
|---|---|---|---|
| 11 Des | 09:30<br>18:00 | Klerksdorp-Noord<br>Klerksdorp-Noord | Klerksdorp-Noord<br>Klerksdorp-Noord |
| 18 Des | 09:30<br>18:00 | Klerksdorp-Noord<br>Klerksdorp-Noord | Klerksdorp-Noord<br>Klerksdorp-Noord |
| 25 Des | 09:30<br>18:00 | Klerksdorp<br>Klerksdorp-Noord | Klerksdorp<br>Klerksdorp-Noord |
| 1 Jan | 09:30<br>18:00 | Klerksdorp<br>Klerksdorp-Noord | Klerksdorp<br>Klerksdorp-Noord |
| 8 Jan | 09:30<br>18:00 | Klerksdorp<br>Klerksdorp-Noord | Klerksdorp<br>Klerksdorp-Noord |
| 15 Jan | 09:30<br>18:00 | Klerksdorp-Noord<br>Klerksdorp-Noord | Klerksdorp-Noord<br>Klerksdorp-Noord |

**NB:** Al die oggenddienste vind plaas in Klerksdorp se kerkgebou, terwyl die aanddienste steeds in ons Kerkgebou word.

## VERKIESING VAN AMPSDRAERS

Die volgende lidmate word deur die kerkraad ter approbasie aan die gemeente voorgehou vir die besondere dienste. As ***diakens***: Br. Jannie Blignaut (jnr), srs. Linelle Hitge, Rina Steenkamp, Elsabé du Plessis, Drienie Schutte, Armanda Blignaut, Lena Buys en Arenda Putter. As ***ouderlinge***: Brs. Jannie (Blikkies) Blignaut & Pierre van der Walt. Na verloop van die 3-weke approbasietydperk sal die lidmate, as daar geen besware ontvang is nie, geroep word tot die onderskeie dienste, waarna hulle, indien hulle die roeping opvolg, in die ampte bevestig sal word op 'n datum soos deur die kerkraad bepaal sal word.

## BETREKKING GESOEK

Twee lidmate van Gereformeerde Kerk Magol (Ellisras) is beide op soek na 'n betrekking in Klerksdorp met die oog op hulle verhuising na Klerksdorp. Hulle is tans verloof. Beide het matriek as hoogste kwalifikasie. Die man (24jr) werk tans by SA Fence & Gate as perseel-voorman en die dame (22jr) by 'n prokureursfirma as 'n klerk en assistent-boekhoudster. Volledige CV's op aanvraag beskikbaar. Kan onmiddellik 'n betrekking aanvaar. Kontak my (Sarel, 082 920 1601) as iemand dalk kan help.



## SUSTERSAAMTREK – DV SATERDAG 10 MAART 2012

Die tema is "Gelowig Vrou in die hande van dié Pottebakker". Ons spreker is Dr. Maryn Botha, Nasionale Voorsitter van Solidariteit Helpende Hand, Vroue in Aksie, soos u reeds weet.
Die dag se program sal in Januarie 2012 aan u gestuur word. Die dag se verrigtinge begin om 8:00 met registrasie en ontbyt. Die program word afgesluit met 'n ligte middag maal.
Ons versoek u vriendelik om die volgende per e-pos aan ons te stuur asseblief:

- Naam, telefoonnommer en e-pos adres van kontakpersoon in die gemeente
- Voorstelle vir 'n tema in 2013
- Lys van name van persone wat die saamtrek sal bywoon moet ons bereik op 17 Februarie 2012, asseblief.

Die dagfooi beloop R85,00 per persoon. Alle gelde kan vooraf inbetaal word in ons susters se rekening nl. Die Gereformeerde Susters Klerksdorp. ABSA rekening nommer: 095 034 0231.
U kan my kontak by die volgende nommers:
Carien Lion-Cachet Sel: 083 395 7376 (Heel Dag) Huis: 018 468 7650

## CACHET SKOOLVERLATERSKAMP

**DATUM:** 9-13 Januarie 2012
**KAMPTERREIN:** Nooitgedacht
**VERTREKPUNT:** Teologiese Skool (Molenstraat)
**TYD VAN VERTREK:** Maandag 9 Januarie 2012 om 13:00
**TYD VAN AANKOMS:** Vrydag 13 Januarie 2012 om 13:00
**KOSTE:** R600.00
Die tema van die kamp is: *Hoe bring jy student-wees en Christen-wees in lyn met mekaar?*
**BANKBESONDERHEDE:** JUBILA, ABSA Spaarrekening
TAKKODE: 335-138 REKENINGNOMMER: 9066522601
FAKS DEPOSITOSTROKIE NA: 086 510 2073 OF EPOS: cachetgk@yahoo.com

**Vir enige navrae:**
Paul Vogel: 084 440 2199
Reinier Muller: 082 924 7835
Annelise Theunissen: 084 554 7290
Ds. Willem Vogel: 084 688 1756

Ds. Ronald Bain: 082 339 0933



## KOLLEKTES


| Datum | By die diakens | Sakkies by die deure |
|---|---|---|
| 20 November | Barmhartigheid | Emeritaatsfonds GKSA |
| 27 November | Barmhartigheid | Bystandfonds Diakens |
| 4 Desember | Barmhartigheid | Bybelverspreiding |



## GEMEENTEPROGRAM

Sondag 20 November tot Saterdag 12 November 2011

| | | |
|---|---|---|
| Sondag 20 November | Oggenddiens/Nagmaal/Fees | 09:30 |
| Sondag 20 November | Kooroefening | 16:00 (Saal) |
| Sondag 20 November | Aanddiens | 18:00 |
| Sondag 20 November | Bybelstudie Konsistorie | 19:00 |
| Woensdag 23 November | Bybelstudie Pasorie | 10:00 |
| Woensdag 23 November | Kooroefening | 18:30 |
| Saterdag 26 November | 50 JAAR FEES GK Orkney | 15:00 |




## TEESKINKBEURTE

| | |
|---|---|
| Sondag 20 November 2011 | Wyke 01 & 02 |
| Sondag 27 November 2011 | Wyke 03 & 04 |



## Verjaarsdae

| | | | |
|---|---|---|---|
| 22 Nov. | Gerty Pelser | Wyk 20 | 018-468-7542 |
| 25 Nov. | Hettie Cunningham | Wyk 05 | 018-468-1789 |
| 26 Nov. | Bets de Lang | Wyk 18 | 018-468-1538 |



Susters, 'n besondere woord van gelukwensing met julle verjaarsdae hierdie week. Mag die Here se seën met julle gaan en veel geluk en voorspoed toegewens vir die nuwe lewensjaar.

## BEROEPING DS. ANDRE DE JAGER

***Ds. André de Jager*** van Gereformeerde Kerk Vryheid is deur die gemeente beroep as predikant vir ons gemeente. Ons bid hom sterkte toe met die oorweging van die roeping en bid dat die Here hom so mag lei om die roeping op te volg en in ons gemeente te kom werk. Ds. De Jager moet vandag antwoord op die beroep.



## LIEF EN LEED



- Vir ***oom Peet van der Walt*** is 'n agterkleinseun, sy naamgenoot, in Kanada gebore op sý verjaarsdag, 4 November 2011. Baie hartlik geluk!
- ***Anna Alberts*** is die afgelope week in Klerksdorp behandel en geopereer vir 'n abses aan haar been.
- ***Lizèl Pretorius*** was die afgelope week in Sunningdale behandel vir longontsteking.
- ***Jan Louw*** het die afgelope Maandag ondersoeke en toetse in Wilmed ondergaan, maar is weer ontslaan.
- ***Ria Kruger*** se ma het die afgelope week geval en haar heup gebreek. Sy is geopereer om die heup met 'n pen te heg en ons bid haar sterkte toe en 'n spoedige herstel.
- ***Jaccus***, seun van ***Cobus en Annalize Booysen***, ondergaan Dinsdag 22 November 'n mangeloperasie.
- Baie geluk aan ***Tiaan Mocke*** (van Johan en Hanlie) wat gister in die huwelik bevestig is met Natasha. Baie seën toegebid vir Tiaan en Natasha in hulle huwelik!

## BEROEPE – GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

**BEROEPE ONTVANG**

- **Ds. C Jooste van Wonderboompoort na Aranos/Khomas Hoogland/Namib Kus-kombinasie.**

**BEROEPE AANVAAR**

- **Ds. AP Tredoux van Vaalpark na Kemptonpark-Noord.**

- **Die Here maak sy kinders groot deur hulle klein te hou.**
- **Om alles te doen op sy tyd is die middel om tyd te hê om alles te doen.**